Afrikaanse Christen Kerk van New Zealand
North Shore Gemeente

Voorleggging aan Interim Kerkraad by kerkraadsvergadering
op DV 27 November 2007

Raamwerk vir Leierskap & Bestuur:

Visie en Credo
Strategiese Doelstellings
Bestuursmodel
Gemeentegebruike

Konsep gedateer 23 November 2007

DOEL VAN HIERDIE VOORLEGGING

1. Die Gemeentevisie Taakspan het genoeë om hierdie voorlegging aan die Interim Kerkraad te maak

2. Die voorlegging is die resultaat van 'n proses wat oor ongeveer 9 maande verloop het, en wat die gemeente op verskeie maniere betrek het

3. Die resultate van 'n meningsopname wat in die gemeente gedoen was, rakende 'n eerste konsep van onderstaande Visie, word in Bylae A en B opgesom

4. Die Taakspan was bloot proses fasiliteerders en glo dat hierdie voorlegging die Gees geïnspireerde boodskap is wat uit die hart van ons gemeente kom

5. Onderstaande voorlegging vir 'n gemeente Visie, Credo, Strategiese Doelstellings, Bestuursmodel en Gemeentegebruike word voorgelê vir oorweging en goedkeuring

Taakspan:

Elize Botha
Lourens Botha
Henk Kamffer
Ds. Danie Marais
Neil Myburgh
Berra van den Heever
Dawid van Huffel
Ben van Vliet
Ruan van Vuren

VISIE VAN ONS GELOOFSFAMILIE[1]

ONS VISIE-SLAGSPREUK	
Ons geloofsfamilie is jubelende draers van Jesus se liefde en lig	
ONS ROEPING	
Ons gemeente het 'n Roeping in hierdie land waarheen die Here ons gelei het: **Om die mees liefdevolle en uitreikende Christelike tuiste in New Zealand te wees vir gemeentelede, hulle familielede en vriende, asook vir soekers in ons gemeenskap**	
ONS WAARDES	
1	Ons dien en loof God-Drie-Enig jubelend, gelei deur Sy Woord soos vervat in die Bybel, en onder leiding van die Heilige Gees
2	Ek bely Jesus Christus as my persoonlike Saligmaker, en word meer en meer soos Hy, sodat ek reg sal wees wanneer Hy weer kom
3	Ek strewe na opregte geloofservaring en gee erkenning aan verskillende generasies en elkeen se unieke styl van aanbidding en belewing van God
4	Ek wil graag geestelik groei en ontwikkel, en toegerus word vir diensbaarheid en dissipelskap, volgens Jesus se voorbeeld van leier wat dien
5	Ek reik met my hart en hande uit na elkeen in ons geloofsfamilie en na my medemens in die gemeenskap, met warmte, liefde en aanvaarding
6	Ek onderneem om aktief by te dra tot ons geloofsfamilie se doelstellings, volgens my talente, gawes en inspirasie, en bou saam aan die uitlewing van ons drome
7	Ek beoefen en ondersteun te alle tye oop, deursigtige en deelnemende kommunikasie

[1] Die 'Credo' weergawe van ons Visie word in Bylaag C aangebied. 'Credo' beteken 'ek glo' in Latyn. Die Credo het dieselfde inhoud as die Visie, maar is in so 'n vorm geskryf dat dit maklik deur die gemeente hardop gelees sal kan word. Die Engelse weergawe van die Visie is nog nie voltooi nie, maar 'n eerste konsep daarvan word in Bylaag D ingesluit

STRATEGIESE DOELSTELLINGS – Dit wat ons moet bereik om ons Roeping te vervul	
1	**Skep ”Cool” Geestelike Tuiste Vir Jeug en Jongmense** Ons Jeug en hulle maats se spesiale behoeftes is vir ons van oorweldigende belang, en ons versit berge om vir hulle ‘n veilige dog opwindende ('cool') geestelike tuiste te bied
2	**Plaaslike Evangelisasie** Ons doen aktiewe bemarking en evangelisasie onder Afrikaanssprekende soekers en buite-kerklikes in ons omgewing - hulle vind 'n geestelike tuiste by ons
3	**Toenemend Tweetalig Vir Langtermyn Relevansie** Engelssprekende familie en vriende van gemeentelede vind ‘n geestelike tuiste by ons, insluitende die Engelssprekende: • maats van ons jongmense • familielede en vriende van gemeentelede • familielede en vriende van Afrikaanssprekende soekers en buite-kerklikes
4	**Uitreiking in Ons Gemeenskap** Ons reik aktief uit in ons gemeenskap, in terme van een of ‘n paar spesifieke programme (bv. ‘Bible in Schools’, bejaardes, gevangenes, weeskinders, bybelverspreiding, …)
5	**Uitmuntende Bedienings vir Standaard Behoeftes** Soos dit enige selfrespekterende Christen gemeente betaam, sorg ons met toewyding vir standaard behoeftes binne ons gemeente, met die bedienings vir kleuters, skoliere, tieners, jongmense, vroue, manne, alikreukels, gekneusdes, behoeftiges, gesinne, enkel ma’s, musiek & sang, gebed, …
6	**Strewe na Opregte en Diep Geloofservaring** Ons strewe na 'n gemeente met eredienste en lofprysing en aanbidding (’praise and worship’) waarbinne ons persoonlik God se teenwoordigheid, en die werking en gawes van die Heilige Gees kan ervaar
7	**Groei as Christene** Ons bied 'n omvattende program van toepaslike opleiding en ontwikkeling vir alle groepe in die gemeente aan (in vennootskap met ander plaaslike en oorsese kerke & organisasies) - sodat ons aanhoudend kan groei as Christene en toegerus word vir evangelisasie en uitreiking
8	**Bou Geloofsfamilie in NZ** Ons ontwikkel 'n sterk netwerk van gelowige geesgenote, wat ons geloofsfamilie en ondersteuning in NZ word
9	**Kapitaalkragtigheid** Ons toenemende kapitaalkragtigheid stel ons in staat om uitlewing aan ons drome te gee, wat genoeg leraars en 'n eie kerkgebou met toepaslike fasiliteite insluit (bv. vir ons Jeug & Jongmense)
10	**Eie Identiteit** Ons ontwikkel met sterk leierskap 'n eie identiteit as Christenkerk in NZ, wat nie noodwendig 'n vertakking van iets uit SA is nie

BEGINSELS VIR BESTUURSMODEL

1. Tradisionele kerkraad model met ouderlinge en diakens word nie direk gebruik nie, maar die verantwoordelikhede van ouderlinge en diakens word ondervang in ons nuwe bestuursmodel – asook die voorvereistes vir gemeentebestuurslede (sien Bylaag E)

2. Die bestuursmodel is ontwerp om 'vlak' en 'vaartbelyn' wees (m.a.w. nie 'n hiërargie met baie vlakke, wat kommunikasie en deelname bemoeilik nie). Die bestuursmodel word in diagramme hieronder uiteengesit

3. Die bestuursmodel is bedoel om aangepas te word na gelang veranderende omstandighede, en moet ook 'n groeiende gemeente kan ondersteun

4. Hiërargie van gesag: God, gemeente, gemeentebestuur



5. Die bestuursmodel is ontwerp om implementering van die gemeente visie direk te ondersteun

6. Elke gemeentebestuursposisie het 'n spesifieke taak of rol wat vervul moet word

7. Kandidate vir gemeentebestuursposisies moet bereid wees om betekenisvolle insette te maak (d.w.s. 'n passie hê vir die taak), en óf self die vaardigheid hê, óf weet hoe om die regte talent te betrek en koördineer om die taak te verrig

8. Gemeentebestuur vind plaas deur twee bestuursliggame, die Gemeenteraad en Bedryfspan. Die belangrikste funksies van hierdie liggame word in 'n latere paragraaf opgesom

9. Aanwysing van Gemeenteraadslede en Bedryfspanlede:

    - Kandidate kan geïdentifiseer word op basis van (a) nominasie (b) uitnodiging (c) vrywillige aanbieding, na gelang omstandighede

    - Alle aanwysings van gemeentebestuursposisies sal aan die gemeente voorgelê word vir bevestiging

10. As riglyn het gemeentebestuurslede 'n maksimum termyn van 3 jaar in dieselfde posisie. Die gemeente het die diskresie om hierdie riglyn aan te pas na gelang omstandighede

11. Dit is wenslik dat 'n goeie balans van vrouens en mans op die gemeentebestuur verteenwoording sal wees

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN BESTUURSMODEL

Geestelike Bestuur (Wiel model)



Pyle dui op rigting van verantwoordelikheid vir geestelike aspeke en herderskap

Leraar is in kern

Ons is mekaar se ondersteuners en geesgenote

Administratiewe Bestuur



Pyle dui op rigting van meerderheid van administratiewe interaksie

Bedryfspan is in kern


Gemeenteraad
Voorsitter: Leraar
(Gesamentlik verantwoordelikheid vir doelstellings:Tweetalig, Geloofservaring, Eie Identiteit)
Gemeente Groepe
Uitreiking & Evangeli-sasie
'Cool' Tuiste vir Jeug en Jongmense
Bediening: Ondersteun & Diverse
Opleiding & Ontwik-keling
Geloofs-familie
Strategiese Ontwik-keling
Finansies
Bedryfspan (Finansies + 2 of 3)
Jeug (skoliere en voorskool)
Jongmense (studente & werkendes)
Divas
Manne
Alikreukels
Gemeente groepe sny dwars oor alle stragiese doelstellings
Spesifieke Uitreikings-aksies
Bv. Bible in schools
Bv. Bejaardes
Bemarking & Promosie
Korttermyn uitreik aksies
Uitreik in gemeenskap
Evangeli-sasie aksies
Geloofs-onderrig
Promiseland
Kinders
Tieners
Belydenis
Ander 1
Ander 2
Behoeftiges
Bemoedi-ging (Gekneusdes)
Musiek & Sang
Gebed
Erediens/ logistieke
Ander
Sluit in:
Oopsluit/ toesluit
Projeksie
Nagmaal
Kollekte
Stoele
Tee
Ens
Inisiatief 1
Inisatief 2
Omgee groepe
Gasvryheid
Kermis
Kers-sangdiens
Gesinne, bv. gesinskamp
Enkel Ma's en Enkel Pa's
Ander 1
Strategie
Rentmees-terskap
Kapitaal-kragtigheid
Sien Bylaag F vir definisie
Tesourier
Finansiële komitee
Adminis-tratief
Lid van Gemeenteraad
Leier en Span vir Betrokke Doelstelling/Taak

RIGLYNE VIR GEMEENTERAAD EN BEDRYFSPAN

Gemeenteraad

1. Is oorhoofs vir die strategiese bestuur, ontwikkeling en welsyn van die gemeente verantwoordelik

2. Bestaan uit ongeveer 15 lede onder voorsitterskap van die leraar. Lede word aangewys, en deur die gemeente bevestig, soos hierbo beskryf

3. Elke lid van die Gemeenteraad het ’n spesifieke rol om te vervul, soos verantwoordelikheid vir ’n gemeentegroep, ’n strategiese doelstelling, finansies, of Bedryfsbestuur

4. Is gesamentlik verantwoordelik vir die strategiese doelstellings van Tweetaligheid, Geloofservaring en Eie Identiteit

5. Elke Gemeenteraadslid sal die leier wees van ’n portefeulje van take/funksies soos aangedui in bostaande diagramme.

6. Alhoewel die spesifieke take/funksies in bogenoemde portefeuljes elkeen deur ’n spesifieke persoon gelei sal word, is die verwagting dat Omgeegroepe ’n baie sterk rol in uitvoering sal speel. Omgeegroepe sal spesifieke aktiwiteite kan ’aanneem’, wat ooreenstem met hulle talente, gawes en inspirasie

7. Gemeenteraadslede kan ook verantwoordelikheid neem vir individuele take/funksies in enige van bogenoemde portefeuljes

Bedryfspan

1. Is vir die dag-tot-dag bestuur (finansies en administratief) van die gemeente verantwoordelik, onder leiding van die Gemeenteraad

2. Bestaan uit die gemeenteraadslid vir Finansies, plus 2 tot 3 gemeenteraadslede wat spesiaal hierdie taak vervul

3. Het voorafbepaalde outoriteit om sekere besluite en aksies op ’n dag-tot-dag basis namens die Gemeenteraad te onderneem

EREDIENS GEBRUIKE – SAMEVATTING VAN BETROKKE RESULTATE VAN GEMEENTEPROFIELBEPALING (AUGUSTUS 2007)
(Sien Bylaag G vir meer besonderhede)

Voorgestelde Riglyne vir Erediens Gebruike		
Musiek en Sang • Minimale tot vol orkes, soms met tromme • Christelike/opbouende liedere, in Afrikaans en Engels • Afwisseling van rustige tot jubelende atmosfeer • Voorsangers • Opnames (CDs) van Christelike/opbouende liedere soms gespeel • Slaan ag op behoeftes en voorkeure van verskillende ouderdomsgroepe	**Gebruik van Nagmaal** • Enigeen teenwoordig volgens behoefte • Kinders word toepaslik deur ouers begelei in ooreenstemming met hulle begrip en volwassenheid	**Sakramente (Doop en Nagmaal)** • Nagmaal volgens behoefte (van prediker/gemeente) met wyn/druiwesap en brood/beskuitjie • Kinderdoop deur besprinkeling, met ouers & familie teenwoordig (indien verlang) en aanspreeklik vir die geestelike opvoeding van die kind • Volwasse doop deur besprinkeling/ onderdompeling volgens behoefte van die bekeerling
Prosedures en Gebruike - in Erediens • Verkies wisseling in volgorde en formaat van eredienste. Hou van variasie • Verkies verkorte weergawe van formuliere met doop, nagmaal en bevestiging van belydende lidmate en kerkraadslede, **en/óf** die bespreking van die betrokke tema in die erediens boodskap • Gebruik erkende Afrikaanse en Engelse Bybel vertalings, asook geestelike literatuur (wat Bybels verantwoordbaar is)	**Liggaamstaal – in Geloofsuitlewing** • Eerbiedvolle liggaamstaal as deel van lofprysing en sang, volgens voorkeur • Voorbeeld van liggaamstaal is opheffing van hande tydens sang of lofprysing • Informele gesprekvoering en meelewing tussen gemeentelede voor en na diens word aangemoedig • Plek vir beplande en spontane getuienisse	**Simbole – in Geloofsuitlewing** • Aanvaar die gebruik van verskeidenheid van Bybelse simboliek om verkondiging van die Woord, asook aanbidding en lofprysing ("worship") te ondersteun en uit te bou • Kan drama-uitbeeldings, film uittreksels, gedigte, ens. insluit • Besef dat die Evangelie se gelykenisse telkens na simbole verwys om sekere boodskappe oor te dra (bv. die saaier se saad – Woord)

BYLAAG A: RESULTATE VAN GEMEENTEVISIE OPNAME – EVALUERING VAN VOORGESTELDE STRATEGIESE DOELSTELLINGS EN GEMEENTEWAARDES

Aantal respondente = 83





BYLAAG B: RESULTATE VAN GEMEENTEVISIE OPNAME – KOMMENTAAR

KOMMENTAAR (31 Oktober 2007)
STRATEGIESE DOELSTELLINGS
Skep Geestelike Tuiste vir Jeug
Ek voel voordat ons aktief binne ons kerk is kan ons nog nie buite toe gaan nie. Jeug 'especially' het groot aktiewe groep nodig waar hulle 'regte' vriende kan maak om mekaar van die 'temptations' van die wêreld te ondersteun. Dus: Dat ons mense/vriende in die kerk ons 1st 'helpline' is en dat die kerk en kerkvriende eerste kom bo mense van die skool. (In 'n jong mens se 'perception'). Wat ek oor bekommerd is is dat die jeug dink hulle maak regte vriende maar hulle doen nie.
Toenemend Tweetalig vir Langtermyn Relevansie
Aangesien ons in 'n Engelse land sit, dink ek moet ons "opleiding", "wenke" ens. kry in Engels hoe om uit te reik en te getuig ens.
English is important because of the youth. The church must understand that without the English options the youth will be lost.
Ek dink dat dit belangrik is dat ons 'n Afrikaanse Kerk moet bly - dalk maar Engelse aand- of 2e diens op 'n Sondag kan instel waar Engels dan gepreek word.
Afrikaans is deel van die aard en karakter van ons kerk en behoort nie in die slag te bly terwille van Engels
Daar is genoeg Christelike tuistes vir Engelssprekendes
Die gemeente moet in die eerste plek 'n geestelike tuiste vir die Afrikaans sprekende in die North Shore wees.
Uitreiking in Ons Gemeenskap
Pasop vir "Bible in Schools" se humanistiese benadering wat NIE punt 1 onder gemeentewaardes leer nie
Uitmuntende Bedienings vir Standaard Behoeftes
Die musiek in die kerk moet meer informeel wees
Strewe na Opregte en Diep Geloofservaring
Meer klem op werking v Heilige Gees! Baie meer klem op gebed.
Ek sal graag meer 'bekerings' boodskappe soos wat Ds. Spandouw vanoggend gelewer het, wou meemaak. Ook spesiale sprekers oor aktuele sake!
Meer spesiale sprekers (predikers) oor spesifieke onderwerpe bv. Wederkoms van Jesus, Eindtye ens.
Vergeet van mense se voorkeure, fokus slegs op God
Meer fokus op wat God vir ons wil hê, nie al ons 'cool' tiener, finansiële ens behoeftes nie. Geestelike groei vir almal
Nader aan GOD behoort ons enigste missie te wees.

BYLAAG B: RESULTATE VAN GEMEENTEVISIE OPNAME – KOMMENTAAR (Vervolg)

Groei as Christene
Weer iets soos "40-day challenge".
Wat van bande met gelowiges in ander lande; SA, Aus, Kanada, UK ens? (Hulle ondersteun en ondersteuning van hulle ontvang)
Bou Geloofsfamilie in NZ
Meer gesinskampe.
Ek sou graag meer van 'n familie gevoel in die kerk wou sien, waar ons gemaklik voel om met mekaar goed te deel.
Kapitaalkragtigheid
Ek dink dis belangrik om 'n plan van aksie in werking te stel, sodat ons ons eie kerkgebou kan bekom. Dan kan basaargeld o.a. aangewend word hiervoor.
GEMEENTEWAARDES
[Ons] wil graag 'n eenheid van liefde wees wat mekaar dra en versorg op pad na Jesus
ALGEMEEN
Baie dankie vir julle harde werk en toewyding in die positiewe bou van ons gemeente. Dis "great" om deel te wees van hierdie gemeente!
Thank you for all the work and effort that has been done for the growth of the church. We have a great vision!
Amen

BYLAAG C: GEMEENTE CREDO

Ons gemeente se Roeping in hierdie land waarheen die Here ons gelei het, is om die mees liefdevolle en uitreikende Christelike tuiste in New Zealand te wees vir gemeentelede, hulle familielede en vriende, asook vir soekers in ons gemeenskap

Ons dien en loof God-Drie-Enig jubelend, gelei deur Sy Woord soos vervat in die Bybel, en onder leiding van die Heilige Gees

Ek bely Jesus Christus as my persoonlike Saligmaker, en word meer en meer soos Hy, sodat ek reg sal wees wanneer Hy weer kom

Ek strewe na opregte geloofservaring en gee erkenning aan verskillende generasies en elkeen se unieke styl van aanbidding en belewing van God

Ek wil graag geestelik groei en ontwikkel, en toegerus word vir diensbaarheid en dissipelskap, volgens Jesus se voorbeeld van leier wat dien

Ek reik met my hart en hande uit na elkeen in ons geloofsfamilie en na my medemens in die gemeenskap, met warmte, liefde en aanvaarding

Ek onderneem om aktief by te dra tot ons geloofsfamilie se doelstellings, volgens my talente, gawes en inspirasie, en bou saam aan die uitlewing van ons drome

Ek beoefen en ondersteun te alle tye oop, deursigtige en deelnemende kommunikasie

Ons geloofsfamilie is jubelende draers van Jesus se liefde en lig

BYLAAG D: ENGELSE WEERGAWE VAN VISIE

(Let asseblief op: konsep slegs vir bespreking, moet nog taalkundig finaliseer word)

OUR VISION-SLOGAN	
Our family of believers are jubilant carriers of the love and light of Jesus	
OUR CALLING	
Our congregation has a Calling in this country where we have been guided to by the Lord: **To be the most loving and outreaching Christian haven in New Zealand for the congregation, their family and friends, as well as for seekers in our community**	
OUR VALUES	
1	We serve and praise God in Holy Trinity with jubilation, guided by His Word as revealed in the Bible, with the inspiration of the Holy Spirit
2	I profess Jesus Christ to be my personal Saviour, and strive to be more and more like Him, so that I will be ready when He returns
3	I strive towards genuine worship and praise, and acknowledge that individuals and different generations have unique styles of worship and witnessing of God
4	I would like to grow and develop spiritually, and be equipped for service and discipleship, according to Jesus' example of the leader who serves
5	I reach out with heart and hands to everyone in our family of believers, and to members of our community, with warmth and love and acceptance
6	I commit to contributing actively to the goals of our family of believers, based on my talents, gifts and inspiration, and to support the fulfilment of our dreams
7	I practise and support open, transparent and participative communication at all times

BYLAAG D: ENGELSE WEERGAWE VAN VISIE (vervolg: Strategiese Doelstellings)

	STRATEGIC GOALS – What we need to achieve in order to turn our Calling into reality
1	**Create a 'Cool' Spiritual Haven for our Youth and Young Folks** The special needs of our Youth and Young Folks, and their friends, are of the utmost importance to us, and we go out of our way to create and offer them a safe yet 'cool' spiritual haven
2	**Local Evangelising** We actively market and evangelise among Afrikaans speaking seekers and the unchurched in our community – our congregation provides them with a spiritual haven
3	**Increasingly Bilingual for Longer-Term Relevance** Our congregation provides our English-speaking friends and family with a spiritual haven, including the English-speaking: • friends of our young members • family and friends of members of our congregation • family and friends of Afrikaans-speaking seekers and the unchurched
4	**Reaching Out in our Community** We reach out in our community, in terms of one or a few specific programmes (e.g. Bible in Schools, the aged, prisoners, orphans, Bible distribution,….)
5	**Excellent Ministries for Standard Needs** As it befits every self-respecting Christian congregation, we take special care of standard needs in our congregation, with ministries for toddlers, scholars, teenagers, our youth, women, men, seniors, the bruised, the needy, families, single mothers, music & song, prayer, ….
6	**Longing for Genuine Personal Relationship with our Lord** We strive towards a congregation engaged in genuine worship and praise, so as to personally experience God's presence, and the presence and gifts of the Holy Spirit
7	**Growth as Christians** We offer a comprehensive programme of appropriate training and development for all groups in the congregation (in partnership with other churches and organisations, locally and abroad) - so that we can continue to grow as Christians and be equipped for evangelising and outreach work
8	**Build Community of Believers** We develop a strong network of like-minded believers, which becomes our faith-based family and support in NZ
9	**Well-provided with Capital** Our increasing capital strength enables us to realise our dreams, which include a sufficient number of ministers and our own church building with appropriate facilities (e.g. for our Youth)
10	**Own Identity** We deploy strong leadership to develop our own identity as Christian church in NZ, which will not necessarily be based on any church in SA

BYLAAG E: GEMEENTERAAD VOLGENS BYBELSE RIGLYNE VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

Roeping (Mt 4: 19, Joh 20:21 en Ef 4:12)
Die Here Jesus het mense geroep om sy werk op aarde voort te sit. Hy het vir sy dissipels gesê: *Kom hier! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook*. Die Gemeenteraad (ouderlinge en diakens) is deel van die gawes ('charismata') wat die Here deur Sy Heilige Gees aan die kerk gee*. Sy doel daarmee is om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en om die gemeente, as liggaam van Christus, op te bou.*

Riglyne:
Uit die Bybel is die volgende duidelik oor leiers:

- Kind van God wees (Joh 1:12);
- Geesvervuld wees, wysheid hê en vaste geloof (Hnd 6:1-7);
- Begeerte om vir die Here te werk (1 Tim 3: 1);
- Voorbeeldige lewe hê (1 Tim 3: 2-7);
- Betroubaar en eerlik wees (1 Tim 3: 8-12);
- Goeie leiding en onderrig gee (1 Tim 5: 17-20);
- Verteenwoordiger van God orals (Tit 1: 6-9);
- Rentmeester wees (1 Kor 4: 1,2)
- Sorg met toewyding vir God se mense (1 Petr 5: 2-4);
- Dien voorbeeldig (1 Petr 5: 3)

Opsomming van riglyne vir ACK North Shore Gemeente

- Kind van God wees;
- Geroepe wees;
- Geesvervulde lewe lei;
- Geestelik volwasse wees;
- Lewende geloof;
- Bekwaam om te leer en gewillig om toegerus te word;
- Vermoë om te begelei en toe te rus;
- Goeie mensvaardighede en verhoudings hê;
- Ander inspireer en motiveer;
- In spanverband kan saamwerk;
- Draer en fasiliteerder van God se visie vir ons gemeente wees

BYLAAG F: DEFINISIE EN BESKRYWING VAN 'RENTMEESTERSKAP'

Steward / Rentmeester – Stewardship / Rentmeesterskap

Definisie: (Afr/Eng Woordeboek)

STEWARD: Rentmeester, huismeester, tafelbediende, hofmeester, seremoniemeester, kontoleur, opsigter, baanbeampte…

Verklarende Woordeboek:

RENTMEESTER: ontvanger en beheerder van geld en vaste eiendom.

Bybelse Verwysings: (Torrey's New Topical Textbook)

1. *The Gospel* – Ministers have a stewardship to preach willingly **(1Cor 9:17).**
2. *Missionaries, all Christians should be as* – A Faithful steward and stewards of the grace of God **(1Pet 4:10,11).** "Bedienaar van genadegawes" (Ou vertaling).
3. *Titles and Names of Ministers* – Stewards of God **(Titus 1:7);** Die rol van die opsiener ("ouderling" in Lewende Bybel) in die gemeente. (1954 Ou Vertaling).
4. *Titles and Names of Ministers* – Stewards of the mysteries of God **(1Cor 4:1);** "Dienaars van Christus en **be**dienaars van die verborgenhede van God" (Ou Vertaling).
5. *Parable of the Unjust Steward* – **Luke 16:1-8.** "Bestuurder" (Ou Vertaling)
6. *Persons engaged in* – Ruth 2:5,6; "Opsigter" (Ou Vertaling).

Bybelse Verwysings: (Nave's Topical Bible)

1. General scriptures concerning "Steward": (Gen 15:2; 43:19; 1 Chronicles 28:1; Like 8:3). "Bestuurder" (Ou Vertaling).
2. The faithful steward described: (Luke 12:35-38,42) "Waaksame dienskeg" (Ou Vertaling)
3. The unfaithful, described: (Luke 19:12-27)
4. Stewards of the talents: (Matthew 25:14-30) "Getroue dienskneg" (Ou Vertaling)
5. Stewards must be faithful: (1Cor 4:1,2; Titus 1:7; 1Pet 4:10) "Dienaars van Christus, Ouderling, Opsiener, bedienaar van genadegawes" (Ou Vertaling)

BYLAAG G: EREDIENS GEBRUIKE – BESONDERHEDE VAN BETROKKE RESULTATE VAN GEMEENTEPROFIELBEPALING (AUGUSTUS 2007)



MUSIEK & SANG – in geloofsuitlewing				
	Tradisioneel	**Verlig**	**Kontemporêr**	**Modern**
Beskrywing	• Orrelspel • Psalms & gesange • Slegs Afrikaans • Gedempte atmosfeer tydens musiek en sang	• Orrelspel asook musiekinstrumente soos klavier, viool, kitaar, ... • Ook Halleluja liedere • Hoofsaaklik Afrikaans maar soms Engels • Redelik gedempte atmosfeer steeds verlang • Soms voorsangers	• Minimale orkes • Christelike liedere • Afrikaans en Engels • Afwisseling van rustige tot jubelende atmosfeer • Voorsangers • Opnames (CDs) van Christelike/ opbouende liedere soms gespeel	• Vol orkes, soms met tromme • Christelike/ opbouende liedere • Afrikaans en Engels • Afwisseling van rustige tot jubelende atmosfeer • Voorsangers • Opnames (CDs) van Christelike/ opbouende liedere soms gespeel

BYLAAG G: EREDIENS GEBRUIKE – BESONDERHEDE VAN BETROKKE RESULTATE VAN GEMEENTEPROFIELBEPALING (AUGUSTUS 2007) – (vervolg)



GEBRUIK VAN NAGMAAL				
Beskrywing	• Belydende lidmate • Besoekers wat die vrymoedigheid in hulle gemeentes sou hê om deel te neem • Geen kinders	• Gemeentelede en besoekers volgens behoefte • Intermediate & College jeug volgens behoefte • Geen Primary of voorskoolse kinders	• Gemeentelede en besoekers volgens behoefte • Intermediate & College jeug volgens behoefte • Primary kinders onder toesig van ouers • Geen voorskoolse kinders	• Enigeen teenwoordig volgens behoefte

BYLAAG G: EREDIENS GEBRUIKE – BESONDERHEDE VAN BETROKKE RESULTATE VAN GEMEENTEPROFIELBEPALING (AUGUSTUS 2007) – (vervolg)



SAKRAMENTE				
Beskrywing	• Nagmaal kwartaalliks met wyn & brood • Kinderdoop deur besprinkeling, met slegs ouers teenwoordig en aanspreeklik vir die geestelike opvoeding van die kind	• Nagmaal meer gereeld met wyn/druiwesap en brood/beskuitjie (”wafers”) • Kinderdoop deur besprinkeling, met ouers & familie teenwoordig (indien verlang) en aanspreeklik vir die geestelike opvoeding van die kind	• Nagmaal volgens behoefte (van prediker/gemeente) met wyn/druiwesap en brood/beskuitjie • Kinderdoop deur besprinkeling, met ouers & familie teenwoordig (indien verlang) en aanspreeklik vir die geestelike opvoeding van die kind • Volwasse doop deur besprinkeling/ onderdompeling volgens behoefte van die bekeerling	• Nagmaal volgens behoefte (van prediker/gemeente – kan weekliks wees) met wyn/druiwesap en brood/beskuitjie • Nagmaal maaltyd by geleentheid • Kinderdoop deur besprinkeling, met ouers & familie teenwoordig (indien verlang) en aanspreeklik vir die geestelike opvoeding van die kind • Volwasse doop deur besprinkeling/ onderdompeling as simbool van bekering en wedergeboorte

BYLAAG G: EREDIENS GEBRUIKE – BESONDERHEDE VAN BETROKKE RESULTATE VAN GEMEENTEPROFIELBEPALING (AUGUSTUS 2007) – (vervolg)



PROSEDURES EN GEBRUIKE IN EREDIENS				
Beskrywing	• Hou streng by een, formele volgorde gedurende elke erediens • Lees formele formuliere elke keer met doop, nagmaal en bevestiging van belydende lidmate en kerkraadslede • Gebruik net 1933 en/of 1983 Bybel vertalings	• Aanvaar klein veranderings in volgorde en formaat by spesiale geleenthede en spesiale dienste (bv. jeugdienste) • Keuse van verkorte of formele weergawe van formuliere elke keer met doop, nagmaal en bevestiging van belydende lidmate en kerkraadslede • Gebruik 1933, 1983 of erkende hedendaagse Bybelvertaling (bv. 'Die Boodskap')	• Aanvaar wisseling in volgorde en formaat van eredienste te enige tyd • Verkies verkorte weergawe van formuliere met doop, nagmaal en bevestiging van belydende lidmate en kerkraadslede, **en/óf** die bespreking van die betrokke tema in die erediens boodskap • Gebruik Bybelvertalings soos hier links, asook Engelse tekste	• Verkies wisseling in volgorde en formaat van eredienste. Hou van variasie • Verkies verkorte weergawe van formuliere met doop, nagmaal en bevestiging van belydende lidmate en kerkraadslede, **en/óf** die bespreking van die betrokke tema in die erediens boodskap • Gebruik erkende Afrikaanse en Engelse Bybel vertalings, asook geestelike literatuur (wat Bybels verantwoordbaar is)

BYLAAG G: EREDIENS GEBRUIKE – BESONDERHEDE VAN BETROKKE RESULTATE VAN GEMEENTEPROFIELBEPALING (AUGUSTUS 2007) – (vervolg)



LIGGAAMSTAAL – in geloofsuitlewing				
Beskrywing	• Rustige liggaams-houding te alle tye • Stilte behalwe tydens musiek en sang • Slegs stil atmosfeer tydens alle eredienste	• Meestal rustige liggaams-houding • Soms opheffing van hande tydens sang of lofprysing • Rustige, sagte, informele gesprekvoering en meelewing tussen gemeentelede voor en na diens	• Liggaamsaksie word soms in lofprysing en sang gebruik • Mense wat so voel hef hul hande tydens sang of lofprysing • Soms ligte, eerbiedvolle liggaamsbeweging as deel van lofprysing tydens sang • Rustige, sagte, informele gesprekvoering en meelewing tussen gemeentelede voor en na diens word aangemoedig	• Liggaamsaksie word in lofprysing en sang gebruik • Gereelde opheffing van hande tydens sang of lofprysing (Psalm 134) • Meelewing en geloofsvreugde word spontaan met liggaamsbeweging uitgedruk • Beplande of spontane getuienisse en lofprysings • Spontane uitlewing van geloofsvreugde in Christus

BYLAAG G: EREDIENS GEBRUIKE – BESONDERHEDE VAN BETROKKE RESULTATE VAN GEMEENTEPROFIELBEPALING (AUGUSTUS 2007) – (vervolg)



SIMBOLE – in geloofsuitlewing				
Beskrywing	• Klem op nagmaal met wyn en brood, en doop met water	• Posisie 1 hier links, plus: • Wyer aanvaarbaarheid vir gebruik van simbole soos bv. kerse (Lig), voorwerpe en handelings wat verband hou met Bybelse waarheid	• Posisie 1 & 2 hier links, plus: • Aanvaar die gebruik van verskeidenheid van Bybelse simboliek om verkondiging van die Woord, asook aanbidding en lofprysing ("worship") te ondersteun en uit te bou • Kan drama-uitbeeldings, film uittreksels, gedigte, ens. insluit • Besef dat die Evangelie se gelykenisse telkens na simbole verwys om sekere boodskappe oor te dra (bv. die saaier se saad – Woord)	• Posisie 1-3 hier links, plus: • Aanvaar simbole, wat geassosieer is met die gawes van die Gees soos: ▪ Hande oplê vir seëning en genesing ▪ Spreek in tale ▪ Profesie • Aanvaar volwasse doop deur besprinkeling/ onderdompeling as simbool van bekering en wedergeboorte